**JANUARIE/ FEBRUARIE 2020**

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

**JAPANSENDING**

*Geroep om te Dien*

# DIE GAWE VAN 'N NUWE HART

Van sy geboorte in 1948 was Koji baie sieklik. Hy was dikwels bleek, het stadig beweeg en het nie die krag gehad om soos ander kinders te kon speel nie.

Dokters het uitgevind dat hy gebore is met 'n ernstige hartkwaal, en om dinge nog erger te maak, het hy masels en kinkhoes opgedoen, wat verdere agteruitgang veroorsaak het. Hy het somtyds blou geword en moeilik asemgehaal. Almal het verwag dat hy nie lank sou lewe nie.

Ten spyte van sy swak gesondheid is hy op 7-jarige ouderdom ingeskryf by die skool. As gevolg van erge verkoues en longontsteking was klein Koji dikwels vir weke gedurende die winter afwesig van die skool. Om by te bly met sy skoolwerk was 'n groot uitdaging. Die Here het hom geseën met 'n groot maat vasberadenheid, wat hom aan die gang gehou het.

In die middelbare skool het hy tuberkulose opgedoen en is opgeneem in die hospitaal se kindersaal. Hy het die volgende 15 jaar van sy lewe in 'n hospitaalbed deurgebring. Hy het depressief geraak en gevoel hy was gedoem tot 'n lewe van ingeperktheid en gevangenskap.



*Mnr Koji Tamada*

Eendag, terwyl hy gelê en staar het na die plafon, oorweldig deur morbiede gedagtes oor die dood, is die eentonigheid verbreek toe 'n vreemdeling hom kom besoek het. "Ek is mnr. Karasawa van Japansending. Ek wil graag jou vriend wees," het hy gesê.

Hoe iemand so 'n jammerlike skepsel soos hy wil besoek, kon hy nie begryp nie, maar dis hierdie vriendskap wat sy lewe sou verander het. Koji het gevoel dat hy iemand gevind het met wie hy eerlik kon praat oor sy konstante vrees vir die gode en die erge straf waarmee hulle hom bedeel het. Hy het vrylik gedeel oor die nagmerries wat hy gekry het en die donker gedagtes wat hom so geteister het oor sy vrees vir die dood.

Mnr. Karasawa het elke week teruggekeer om wonderlike boodskappe van hoop en ewige lewe te deel. Toe hy die ongelooflike storie van die opwekking van Jesus Christus hoor, het Koji gewonder, "Hoe kan dit moontlik wees?" Al die gode wat Koji geken het, blyk so leweloos te wees.

Die dag toe mnr. Karasawa Matt. 10:29-31 vir hom gelees het, was 'n ondervinding wat sy oë oopgemaak het. "**Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.**" (NAV).

Die wete dat 'n Almagtige God, wat vir die wêreld sorg met sy oneindige liefde, wat sal neerbuig om aandag aan hom te gee, 'n klein spikkeltjie stof in die groot skepping, was ongelooflik! Hy het dit moeilik gevind om so 'n wonder te begryp.

Hy het kort daarna sy lewe aan Christus oorgegee. Op 22-jarige ouderdom was Koji nog steeds 'n hospitaalpasiënt, maar daar was 'n ander uitdrukking op sy gesig. Hy het die vreugde van die Here in sy hart gehad! Hy het geweet dat God vir hom sal sorg; dit maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Toe hy sy sonde en selfsugtigheid bely en hy God om vergifnis gesmeek het, het die Heilige Gees hom herinner aan baie dinge wat hy moet regstel. Hy het onthou hoe hy seëls van 'n medepasiënt gesteel het, maar hy kon dit nie uit sy gedagtes kry nie. Derhalwe het hy 'n brief geskryf waarin hy verskoning gevra het.

Die eertydse pasiënt was so beïndruk deur die erns van Koji se brief dat hy hom besoek het, en so het Koji hom aan die Here en Redder bekend gestel! Koji het volgehou om teenoor ander te getuig oor die wonderlike wonderwerk wat God in sy hart laat plaasvind het.

Hy het begin besef dat vir elke probleem wat hy in die gesig staar daar 'n oplossing in die Bybel is. Hy het gelees hoe Jesus die siekes genees het, en gewonder waarom hy so lank moet ly, aangesien hy Jesus gevra het om hom gesond te maak.

Op die ouderdom van 23 het hy begin sien hoe God sy gebede vir fisiese herstel begin beantwoord. Die X-strale het 'n groot verbetering in die toestand van sy longe gewys, en na 'n langdurige tweejaarperiode van herstel, het die dokters verklaar dat hy genees is van tuberkulose! Hulle kon toe die baie gekompliseerde hartsjirurgie doen wat Koji so dringend nodig het.

In 1971, die nag voor die operasie, het mnr. Karasawa hom besoek en Deut. 33:27 met hom gedeel: "**Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou**" (NAV).

Koji het by die venster uitgekyk na die hemelruim en gemerk hoe helder die sterre geskitter het. Terwyl hy na hulle gekyk het, het hy nagedink oor Gen. 1:1. "Die God wat al daardie sterre geskape het, sal inderdaad in staat wees om my 'n nuwe hart te gee," het hy stilweg by homself gedink.

Die operasie was lank en moeilik, en toe hy wakker word, het die verpleegster dadelik die dokter geroep. Koji was steeds aan die suurstofapparaat gekoppel toe die dokter hom vra: "Kan jy jou hand sien? Dit is nie meer bleek nie, maar vol kleur, want jou hart pomp nou die bloed deur jou sisteem."

Vir die eerste keer in sy lewe het hy normale bloedsirkulasie gehad. Vir vyftien jaar was hy nie in staat om te loop of trappe te klim nie en die geringste windjie het hom laat bewe. Nou het verskeie wonderwerke geblyk te gebeur. Selfs water het beter as ooit geproe!

"Ons het alles wat ons kon vir jou gedoen. Nou hang alles van jou af" het die dokter hom aangemoedig. Koji het hierna met rehabilitasie begin en geleer om normaal te loop. Die dag toe hy die hospitaal verlaat, het die werkers 'n partytjie vir hom gehou. Almal was so bly oor die vreugde op sy gesig: "'Ek kan dit nie doen nie en ek kan dat nie doen nie,' maar nou mag daardie woorde nooit weer uit jou mond kom nie," het een van die dokters vir hom gesê. "Van nou af sê jy altyd: 'Ja, ek kan dit doen.'"

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 21/10/2019, 30/10, 2/11, 4/11, 7/11, 16/11, 20/11.**

**ABSA BANK:- 15/10, 16/10, 20/10, 23/10 Jeffreysbaai, 26/10, 28/10 Bybels, 29/10, 31/10, 1/11, 2/11 NLM, 2/11 Kleinmond, 6/11, 14/11, 16/11, 18/11.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

Hy kon hartlik saam met die dokter stem, want terwyl hy in die hospitaal was, het hy geleer om te glo in die magtige krag van Christus. **Ek kan alles doen deur Christus wat my krag gee** (Fil. 4:13).

Koji Tamada het later by 'n Bybelskool gegradueer en het daarna vir baie jare as 'n hospitaalevangelis by Japansending gewerk.

Ons verwonder ons nog steeds oor die wonderwerke wat die Here doen om Japansending te voorsien van sulke wonderlike en toegewyde werkers!

## DIE FONTEIN VAN VREUGDE

Ds. Tamada, wat so wonderlik gered is deur die hospitaalbediening, is nou deel van die skrywers van die Fontein van Vreugde.

Die Fontein van Vreugde is 'n kleurvolle vierbladsytraktaatjie, wat Japansending elke maand publiseer en versprei. Dit het altyd 'n evangelieboodskap, 'n getuienis van redding en raad oor familiekwessies. Ongeveer 24 000 van hierdie traktaatjies word gereeld uitgestuur na 1 000 kerke, organisasies en individue dwarsoor Japan en oorsee.

Een dame het 'n poskaart gestuur waarin sy hulle bedank dat hulle vir haar elke maand die traktaatjie stuur. Sy het gedeel hoe haar moeder bemoedig is deur die inhoud wat hulle vir haar gelees het, terwyl sy bedlêend was in die hospitaal. Sy het haar hart vir die Here gegee kort voor sy oorlede is!

## OPLEIDING VAN LEKEPERSONE

Die meeste van die 126 miljoen mense in Japan het nog nie van die evangelie gehoor nie. Daar is 'n groot behoefte in Japan om Christenwerkers op te lei om ons te help met die enorme taak om die saad te saai en die evangelie te deel.

Japansending werk in vennootskap met Osaka Christian Center College om lekepersone op te lei om effektiewe Christenwerkers te word. Lekepersone en kerkpersoneel van verskeie dominasies woon kursusse by om hulle kennis van die Bybel te verbreed en om te leer hoe om mense in hulle gemeenskappe te bereik vir Christus. Die Bybelkollege bied krediet-kursusse aan oor naweke en op nasionale vakansiedae wanneer lekepersone dit kan bywoon.

Mnr. Takahara van Japansending organiseer en koördineer die kurrikulum, sprekers en onderwysers vir die program. Bid asseblief dat die Heilige Gees hierdie studente sal bemagtig om effektief baie ongereddes vir die koninkryk te beïnvloed.

## SAAI DIE SAAD

Die Here het Japansending gelei om drie hoofmetodes te gebruik om die ongereddes te bereik en die kerke te help:

1. Literatuur - Japansending publiseer 'n maandelikse traktaatjie, wat die kerke help om hulle gemeenskappe te evangeliseer. Ons publiseer ook Japannese boeke om die soekers en Christene te help. Ons is ook verbind daartoe om duisende Bybels beskikbaar te stel dwarsdeur Japan, China, Suidoos-Asië en ander dele van die wêreld.
2. Evangeliese programme - Omtrent 300 studente hoor die evangelie elke week wanneer ons sendelinge Bybelonderrig gee en Engels as spreektaal onderrig. Die siekes en bejaardes word bereik deur ons bediening in hospitale en ouetehuise. Werkers reik ook uit deur kampe, kafees, kore, skole, kindersorg, kookklasse en rampreddingswerk.
3. Media - Japansending help kerke met mediaproduksie, sosiale media en die ontwikkeling van die inhoud van 'n webtuiste. Evangeliese en Christelike opvoedkundige video's, oudiobybels en opnames van boodskappe word ook vervaardig en versprei. Ons is ook daartoe verbind om beduidende bydraes te maak ten opsigte van Christelike TV- en radio-uitsendings, wat gereeld deur die evangelie 'n impak maak op die massa dwarsoor Japan.

**Bid** dat ons span werkers sal voortgaan om effektief te wees in die deel van God se liefde en hoop te gee vir dié sonder hoop.

## DAWID EN SUE VERWEY SE BESOEK

Dawid en Sue Verwey is reeds in Suid-Afrika tot begin Maart 2020. Hulle gaan eers die Kaapprovinsie besoek.

Hulle beplan om DV vanaf September tot November 2020 die noordelike deel van die land te besoek.

**Bid asseblief** vir hulle beskerming en vir die Here se seën op die byeenkomste.

Indien u navraag wil doen omtrent die program, kontak gerus vir Dawid Verwey by **072 802 0882.**